

21 Junie

Skrifgedeelte: 1 Konings 12:33-13:34

Fokusgedeelte: 1 Konings 13:29,30

GENADE IN DIE OORDEEL

Die man van God uit Juda het sy opdrag van die Here nagekom. Teenoor Jerobeam het hy God se oordeel getrou aangekondig. Hy het ook geweier om saam met Jerobeam te eet want die volk moes beseft dat daar 'n absolute skeidslyn tussen eiewillige en ware godsdiens is.

Die man van God laat hom hierna egter deur die ou profeet se leuen oorreed om by hom te gaan eet en drink. Dit was ongehoorsaamheid aan sy opdrag. Hy moes eerder gevra het vir 'n teenopdrag van die Here.

God se oordeel kom oor hom. Hy moet sterf en hy sal ook nie by sy vaders begrawe word nie. So het dit ook gebeur. Op sy terugtog van die ou profeet word hy deur 'n leeu gedood. Jerobeam en Bet-El se mense moes hierdeur weer sien hoe ernstig die Here is oor gehoorsaamheid aan Hom. Sy oordeelaankondiging oor hulle sondige eiewilligheid moes hulle verseker nie lig ag nie.

In die Here se oordeel oor die man uit Juda breek egter ook sy genade deur. Die leeu wat hom gedood het, verslind nie sy lyk nie. Ook nie sy donkie nie. Hy word wel nie by sy vaders begrawe nie maar tog nie by vreemdes nie. As koning Josia jare later die beendere van die beelddienaars op Jerobeam se altaar verbrand, word hierdie graf met rus gelaat. Sy graf word 'n verkondiging van God se genade in sy oordeel.

Hoe dikwels is ons ook nie ongehoorsaam nie. In roepingstraagheid soos die ou profeet ... in onnoulettendheid en eiewilligheid in ons roeping soos die man van God. Voor ons lê ook die graf. God se finale oordeel oor ons is egter in die graf van Jesus Christus voltrek. Ons grafte word nou 'n verkondiging van die ewige lewe. Die lig van God se genade skyn in ons graf!

Hierdie genade dring ons tot dankbare gehoorsaamheid aan die Here – elke dag van ons lewe!

Sing: Ps. 99:5 (Totius)

Ds Reinder Kingma (Bellville-Oos)